# FINWEEK (Afrikaans)
09 Sep 2010
Page : 46 #

**GESIG AGTER DIE SYFERS: JOHN GIBSON**

# Beskermengel

## Fisa wil daar wees as boedelsake skeefloop.



'N PROEFSTELSEL sal baie help om die werklas in die kantore van die meester van die hooggeregshof te verlig en sal dit moontlik maak om boedels te hersien net waar probleme ontstaan of besware deur die bevoordeeldes van 'n boedel geopper word.

Dis geen geheim nie dat daar aansienlike vertragings voorkom met die afhandeling van boedels in die meester se kantoor, sê John Gibson, voorsitter van die fidusiêre instituut van SA (Fisa). "Fisa, as verteenwoordiger van die fidusiêre bedryf, gee advies en help waar hy kan om prosesse te stroomlyn."

Fisa is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat fidusiêre praktisyns verteenwoordig en hoë minimum standaarde vir die bedryf stel om die publiek se belange te beskerm. Die bedrywighede van Fisalede sluit in die opstel van testamente, die administrasie van trusts en boedels, belasting- en finansiële advies en die bestuur van kliëntfondse.

In Mei het Fisa 22 lidmaatskappye en byna 600 individuele lede gehad wat saam meer as R200 miljard bestuur, duisende testamente per jaar opstel en sowat 40% van die bestorwe boedels beredder wat deur die meester se kantoor gehanteer word.

Gibson sê daar is baie ruimte vir verbetering in die boedelberedderingsproses en hy doen 'n beroep op die owerhede om samesprekings te hervat oor die instelling van 'n proefstelsel soortgelyk aan dié in ander jurisdiksies soos Australië en Brittanje.

Gibson werk al 27 jaar in die fidusiêre bedryf. Hy was ook in 2008 voorsitter van Fisa en in 2007 voorsitter van die vereniging van trustmaatskappye. Voorheen was hy voorsitter van sowel KwaZulu-Natal (2001) as Gauteng (2003) se raad van die vereniging van trustmaatskappye en in 2005 was hy ondervoorsitter van die uitvoerende komitee.

Hy sê sulke samesprekings het goed gevorder tot in September 2007, toe die destydse hoofmeester in die departement van justisie en staatkundige ontwikkeling bedank het, maar die pos is nog nie weer voltyds gevul nie.

"Ons het 'n goeie verhouding met die huidige waarnemende hoofmeester en deur ons pogings is daar 'n paar veranderinge aangebring en druk uitgeoefen op streekkantore wat nie presteer nie. Intussen doen die bedryfsliggaam sy bes om standaarde in die bedryf te verhoog en dienslewering te verbeter," sê hy.

"Fisa is in Junie 2008 gestig en het uit die vereniging van trustmaatskappye ontstaan juis omdat daar 'n behoefte was om rolspelers in die fidusiêre bedryf te koördineer en standaarde tot 'n konsekwent hoë vlak te verhoog," sê hy. "Sodoende kan die publiek weet dat hulle teen wanpraktyke beskerm sal word as hulle met 'n Fisa-geakkrediteerde praktisyn te doen kry. Fisa het 'n gedragskode en kan sy lede dissiplineer. Hoewel dit nie 'n amptelike ombudsman vir die bedryf is nie, verwelkom hy klagtes van die publiek oor enige fidusiêre aangeleentheid en kan hy aandag daaraan gee.

"In gevalle waar nie-Fisa-lede betrokke is, sal Fisa die klaers help deur hulle na die regte meesterskantoor te verwys," sê Gibson.

Gibson verduidelik dat as daar oor 'n Fisa-lid gekla word, die dissiplinêre meganisme kan en sal optree. Die meganisme is ingestel om algehele onpartydigheid in die proses te verseker. As 'n klagte teen 'n lidmaatskappy ingedien word en hy in die dissiplinêre komitee verteenwoordig word, sal hy uit die komitee gelaat word wanneer die klagte aangehoor word.

Gibson het 'n graad in die regte aan Unisa verwerf en werk sedert 1997 vir Absa Trust, waarvan hy tans streekhoof vir boedels, testamente en trusts is.

Hy het sy fidusiêre loopbaan vroeg in die 1980's in die landdroshof en by die kantoor van die meester van die hooggeregshof in Pretoria begin waar hy as 'n ondersoeker met bestorwe en insolvente boedels gewerk het.

In sy huidige rol by Absa is hy verantwoordelik vir boedels, testamente en trusts. Hy bestuur die nasionale testamentopstelkantoor en die veilige bewaring

### VINNIGE FEITE

**Gebore:** Kimberley.
**Grootgeword:** De Aar.
**Woon tans:** Pretoria.
**Huwelikstaat:** Getroud.
**Kinders:** Een seun.